# Goldfields Koshuis Grondwet


Geskryf deur:

Pieter van Zyl

Elzet Kirsten

Rudolf Conradie

Chris Delport

# INHOUDSOPGAWE


WOORDOMSKRYWINGS ........ 3

GRONDLIGGENDE BEPALINGS ........ 5

UITVOERENDE GESAG VAN DIE KOSHUIS ........ 14

VERKIESINGSPROSEDURES ........ 23

DISSIPLINÊRE PROSEDURES ........ 29

KOSHUISFINANSIES ........ 37

Bylaag 1: Koshuiswapen ........ 39

Bylaag 2: Koshuislogo ........ 40

Bylaag 3: Goldfields Amptelike Liedere ........ 41

Bylaag 4: Vlag ........ 43

## WOORDOMSKRYWINGS

### Amptelike Kommunikasiekanale

Amptelike kommunikasie in die Koshuis geskied deur middel van:

- Blokvergadering afkondigings
- E-pos
- Webtuiste
- Kennisgewingborde

### Blok

'n Blok verwys na:

Een van ses damesblokke

- Doornfontein
- Kloof
- Leeudoorn
- Libanon
- Oos-Driefontein
- Wes-Driefontein **of**

Een van ses mansblokke

- Venterspos
- Deelkraal
- Toekoms-anneks
- Caltex
- Toekoms
- Nagenoeg **of**

Rivera, die primblok

### Eerstejaar

'n Eerstejaar is 'n geregistreerde student van die Universiteit van Stellenbosch en 'n inwoner van Goldfields, wat vir die eerste keer vir 'n voorgraadse program ingeskryf is.

**Huiskas**

Die som van die Koshuis se finansiële bates, hetsy in kontant of kostepunt, wat deur die Tesourier, HK en Inwonende Hoof met voorlegging aan die Huis geadministreer word.

**Nuweling**

'n Nuweling is 'n geregistreerde student van die Universiteit van Stellenbosch wat nie akademies 'n eerstejaar by die Universiteit is nie, maar vir die eerste keer 'n inwoner by Goldfields is.

**Senior**

'n Senior is enige inwoner van Goldfields wat nie 'n Eerstejaar of Nuweling is nie.

**Studentereglement**

Die amptelike stel regulasies rakende ingeskrewe studente, soos deur die Universiteitsraad goedgekeur en gepubliseer in Deel 1 van die Jaarboek.

**Universiteitsamptenaar**

Enige persoon wat deur die Universiteit aangestel is of bemagtig is om 'n sekere amp te vervul.

**Universiteitsdag**

'n Universiteitsdag is enige weeksdag gedurende die Universiteitsjaar. Naweke, openbare vakansiedae en ander amptelike vakansiedae, soos bepaal deur die Universiteit, word nie gereken Universiteitsdae te wees nie.

**Universiteitsjaar**

'n Universiteitsjaar strek van die eerste dag waarop klasse begin tot die einde van die eksamentydperk en tweede geleenthede, insluitende alle vakansiedae, openbare vakansiedae, resesse en naweke.

# HOOFSTUK 1

# GRONDLIGGENDE BEPALINGS

**Etos**

1. Die etos van Goldfields is:

As inwoner van Goldfields leef en onderskryf ek die waardes van:

**respek**,

**verantwoordelikheid**,

**vryheid**, en

**eenheid**.

Ek wens:

dat dit sonder meer met elke ander inwoner van Goldfields goed mag gaan, na liggaam en na gees.

dat elke Goldfielder sy of haar lewe ten volle mag beleef, mag slaag in wat hy of sy onderneem en akademiese voortreflikheid mag bereik.

dat elke Goldfielder in vriendskap met sy medemens mag leef.

Ek gun ander lewe en geluk.

Ek weet ek is daarvoor verantwoordelik en help dat ander Goldfielders so kan leef.

Ek wens dat elke ander Goldfielder Gods seën mag ervaar.

*As Goldfielder I subscribe to and live according to the values:*

*respect,*

*responsibility,*

*freedom and*

*unity.*

*I wish:*

*every other Goldfielder well in body and spirit.*

*every Goldfielder the fullness of life, that we may succeed in all our undertakings and the achievement of academic excellence.*

*that every Goldfielder may live in friendship with their fellow human being.*

*I grant others life and joy.*

*I know I am responsible for contributing towards other Goldfielders living such a life.*

*I wish that every other Goldfielder might expierence the blessing of God.*

*Nanjengomhlali waseGoldfields ndizimisele ukuhlala phantsi kwezi meko zixabisekileyo zilandelayo:*

*Imbeko*

*Intembeko*

*Inkululeko kunye*

*Nomanyano.*

*Ndinqwenela:*

*wonke umhlali waseGoldfields impilo entle ngokwasemzimbeni nangokwasemphefumlweni.*

*wonke umhlali waseGoldfields ubomi obugqibeleleyo, nokuba maze siphumelele kuzo zonke izinto esijongene nazo, size sizuze nokugqwesa ezifundweni zethu.*

*wonke ummi waseGoldfields ukuba ahlale ngothando nangobuhlobo kunye nabo bantu ahlala kunye nabo.*

*Ndizimisele ukuninika ubomi nolonwabo.*

*Ndiyazi ukuba ndifanele ukubanenxaxheba kuwo wonke ummi waseGoldfields ophila kunye nathi apha.*

*Ndikwanomnqweno wokuba wonke umntu ohlala apha eGoldfields angazuza iintsikelelo zikaThixo.*

**Gesag van die Grondwet**

2. Alle optrede, gedrag, reëls, regulasies, besluite, verkiesings en mosies binne Goldfields Koshuis is onderhewig aan hierdie Dokument en is ongeldig of onbestaanbaar insoverre dit strydig is met hierdie Grondwet. Alle opdragte, vereistes, verpligtinge, reëls en regulasies in hierdie Grondwet moet nagekom word.

3. Hierdie Grondwet –

    a. staan onder die gesag van die Studentereglement, Studente Grondwet, asook die Grondwet van Suid-Afrika van 1996 en alle ander wetgewing soos deur die Regering van die land bepaal;

    b. sal ongeldig wees tot in die mate waartoe dit strydig is met die Studentereglement, Student Grondwet, Statuut van die Universiteit, Hoër Onderwyswet (Wet 101 van 1997) of enige ander Reëls en Regulasies soos van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit bepaal.

4. Hoewel Goldfields Koshuis outonoom optree, is dit steeds ‘n onderafdeling van die Universiteit en word dit nie as ’n regspersoon geag nie.

5. Hierdie Grondwet vervang enige vorige grondwette en gepaardgaande reëls regulasies en reglemente wat van toepassing is of was binne Goldfields Koshuis.

**Wysiging, Hersiening en Interpretasie**

6. **Wysigings** tot hierdie Grondwet

    a. moet met ’n meerderheid van stemme, as ’n Mosie aanvaar word by ’n Huisvergadering; met inagneming dat wysigings tot die Grondliggende Bepalings (Hoofstuk 1) op dieselfde wyse aanvaar moet word maar wel met ’n twee-derde meerderheid.

7. Die Primarius/ia het die verantwoordelikheid om seker te maak dat hierdie Grondwet

    a. elke *ewe* jaar **hersien** word; en

    b. die hersiene Grondwet elke *onewe* jaar, na beraadslaging met die huis, soos deur die Huis ooreengekom, ingestem word.

8. Indien daar onduidelikheid is oor die **interpretasie** van die Grondwet, sal ’n Spesiale Sitting van die Dissiplinêre Komitee as finale gesag dien.

9. Wanneer spesifieke afdelings van die Grondwet met mekaar **strydig** is, of indien ’n spesifieke deel van die Grondwet deur ’n Spesiale Sitting van die Dissiplinêre Komitee as ongeldig verklaar word, sal die res van die Grondwet steeds in werking bly. In so ’n geval sal Hoofstuk 1 altyd voorkeur geniet en moet ’n regstellende wysiging so spoedig moontlik voor die huis gebring word vir goedkeuring.

10. Die Grondwet sal in Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Waar die tekste nie ooreenstem nie geld die Afrikaanse teks in alle gevalle.

**Lidmaatskap**

11. Ten einde ’n inwoner van Goldfields Koshuis gereken te word, moet ’n betrokke persoon

    a. ’n ingeskrewe student van die Universiteit wees, en

    b. geregistreer wees as ’n inwoner van Goldfields Koshuis by die Sentrum vir Studentegemeenskappe, en

    c. tans woonagtig wees in Goldfields Koshuis.

12. Inwoners sal as volle lede van Goldfields Koshuis (Goldfielders, of Goldies, informeel) gereken word indien

    a. hulle na afloop van verwelkomingweek, tydens die eerste Huisvergadering in die Universiteitsjaar die Etos aanvaar, of

    b. hulle die Etos formeel aanvaar by enige ander Huisvergadering.

13. Enige lid van Goldfields Koshuis wat vir ’n minimum van een semester ’n inwoner was, sal ’n **alumnus** van Goldfields Koshuis word op die dag wat hy/sy ophou om ’n inwoner van die Koshuis te wees.

14. ’n Nuut aangestelde Inwonende Hoof van die koshuis word uitgenooi om ’n lid van Goldfields Koshuis te word deur by ’n Huisvergadering hom-/haarself tot die Etos te verbind.

15. Persone wat nie inwoners van die Koshuis is nie, maar vir ’n beperkte tyd in die Koshuis is, sal gereken word om **besoekers** te wees.

16. Die Huis behou die reg voor om in uitsonderlike omstandighede ’n persoon se lidmaatskap te **beëindig**, deur so ’n mosie met ’n twee-derde meerderheid te aanvaar. Die besluit mag slegs geneem word indien die persoon Goldfields se naam ernstige oneer aangedoen het en die persoon se optrede strydig is met die waardes en Etos in hierdie Grondwet. So ’n persoon moet in die betrokke Huisvergadering ’n kans gegun word om sy/haar saak te stel.

17. Die Huis mag in uitsonderlike gevalle, na deeglike oorweging, in ooreenstemming met ’n proses soos deur die Huiskomitee bepaal, by ’n Huisvergadering **erelidmaatskap** aan ’n besondere persoon buite die Koshuis verleen. Hierdie is ’n seremoniële status sonder enige stemreg.

**Simbole en Tradisies**

18. Slegs die Simbole soos in hierdie afdeling en in bylae vervat, dien as amptelike simbole en/of kentekens van die Koshuis en moet in hierdie aanvaarde formaat, proporsies en vorm gebruik word. Goldfields Koshuis behou ook kopiereg voor op hierdie simbole en geen ongemagtigde gebruik sal geduld word nie.

19. Toestemming vir enige afwyking van hierdie formaat moet deur die Huiskomitee goedgekeur word.

20. Die **Wapen**, soos in Bylaag 1 afgedruk, is die amptelike simbool van die Koshuis en word gebruik in korrespondensie met ander universiteitstrukture en die media.

21. Die **Logo**, soos in Bylaag 2 afgedruk, word gebruik vir minder formele geleenthede en publikasies.

22. Die **Amptelike Liedere**, soos in Bylaag 3 afgedruk, word amptelik as Liedere van die Koshuis erken en kan gebruik word by enige koshuisverwante aangeleenthede.

23. Die **Vlag** is in Bylaag 4 afgedruk.

24. Goldfields assosieer met die **Kleur** Goud. Donkerblou, wit, swart en ligblou word ondersteunend gebruik.

25. Goldfields se datum van totstandkoming, 18 Maart 1987, word elke jaar herdenk deur “**Birthday Week**”. Hierdie week moet sover prakties moontlik rondom 18 Maart beplan word. Blokvensters sal in hierdie week plaasvind.

**Huisvergadering**

26. Die Huisvergadering is ’n byeenkoms van alle inwoners van Goldfields Koshuis wat byeengeroep word met die doel om bespreking oor kwessies moontlik te maak, Mosies te dra, besluite te neem, advies te gee, verslag te lewer, die optrede van die Huiskomitee na te gaan en/of toesig daaroor uit te oefen.

27. Die wetgewende gesag van Goldfields Koshuis berus by Huisvergaderings, met finale seggenskap oor die aanstelling van Huiskomiteelede, die verkiesing van Dissiplinêre Komiteelede, die neem van strategiese besluite en wysigings aan die Grondwet van die Koshuis.

28. Tydens ’n Huisvergadering word daar van alle Goldfielders verwag om ordelik op te tree. Die voorsitter hou die reg voor om enige persoon wat hom/haar skuldig maak aan ontoepaslike of onwelvoeglike gedrag te versoek om die Vergadering te verlaat en vir daardie persoon ’n boete op te lê. Geen alkoholgebruik sal tydens ’n Huisvergadering geduld word nie.

29. ’n **Gewone Huisvergadering**

    a. vind kwartaalliks plaas; en

    b. sal minstens tien dae voor die geskeduleerde datum deur minstens twee van die amptelike kommunikasiekanale aan die Huis gekommunikeer word; en

    c. sal deur alle Goldfielders bygewoon word. Indien besondere omstandighede dit onmoontlik maak vir ’n Huislid om die vergadering by te woon moet die betrokke persoon ten minste agt-en-veertig (48) uur voor die aanvang van die vergadering skriftelik verskoning by die Sekretaris/Sekretaresse aanteken. Die Huiskomitee het die diskresie om die 48- agt-en-veertig tydsgrens te verleng. Die Sekretaris/Sekretaresse behou die reg voor om onvoldoende verskonings te weier. Versuim om verskoning aan te teken of die vergadering by te woon sal lei tot ’n summiere boete.

30. ’n Gewone Huisvergadering kan verdeel word om te bestaan uit ’n gedeelte waarin daar gestem word en ’n gedeelte waarin daar nie gestem word nie. ’n Huislid kan in hierdie geval op dieselfde wyse as in art. 29(c) ’n verskoning by die Sekretaris/Sekretaresse aanteken om verdaag te word na die gedeelte waarin daar gestem word. Die Huiskomitee het ’n diskresie om die vergadering op hierdie wyse te verdeel en kan geldige verskonings op enige wyse beperk.

31. ’n **Buitengewone Huisvergadering**

    a. vind plaas wanneer ’n Huiskomitee een belê; of

    b. nie langer nie as drie (3) universiteitsdae nadat een derde (1/3) van alle Huislede skriftelik so ’n versoek aan die Primarius/ia rig, in welke geval slegs kwessies wat op die versoekskrif aangedui is bespreek mag word; en

    c. sal minstens vier-en-twintig (24) uur voor die geskeduleerde datum en tyd deur minstens twee amptelike kommunikasiekanale aan die Huis gekommunikeer word; en

    d. sal dieselfde kworumvereistes as ’n gewone Huisvergadering handhaaf.

32. Die Huislied, soos in Bylaag 3 afgedruk, sal by elke Huisvergadering gesing word.

33. Drie (3) kopieë van die Grondwet sal, vir verwysing deur Huislede, by elke Huisvergadering beskikbaar wees.

34. **Kworum** vir ’n Huisvergadering (hetsy gewoon of buitengewoon) is slegs bereik indien twee derdes van die stemgeregtigde lede teenwoordig is.

    a. Indien kworum nie bereik word binne ’n halfuur na die aanvang van die geskeduleerde tyd nie, sal die byeenkoms verdaag word en ’n nuwe vergadering binne vyf universiteitsdae belê word.

    b. Indien so ’n tweede vergadering nie daarin slaag om kworum te trek nie, sal die tweede vergadering se kworum ná een uur vasgestel word op vyftig persent (50%) van die stemgeregtigde lede.

35. Die Primarius/ia dien as Voorsitter van die Huisvergadering met die **verantwoordelikheid** om

    a. die Huisvergadering te lei; en

    b. by elke Huisvergadering ’n kort verslag oor koshuisgebeure(sedert die vorige Huisvergadering) te gee; en

    c. beleid (ingesluit rookbeleid, alkoholbeleid, stiltetye en gaste) aan die huis voor te hou.

36. Die Sekretaris/Sekretaresse van die Huiskomitee tree ook op as die Sekretaris/Sekretaresse van die Huisvergadering en is verantwoordelik vir

a. die hou van 'n noukeurige notule en rekord van verrigtinge en bywoners; en

b. die beskikbaarstelling van die notule van die vorige Vergadering aan die Huis, ten minste tien (10) universiteitsdae voor die volgende vergadering. Hierdie notule sal ook deur die Primarius/ia voorgelê word vir goedkeuring en ondertekening deur twee (2) persone wat die vorige Vergadering bygewoon het.

37. Huiskomiteelede kan versoek om **mededelings** van enige persone as agendapunte te registreer. Dit skep die geleentheid waartydens die Huis op hoogte gehou kan word van belangrike inligting oor Huiskomiteeportefeuljes en ander gebeurtenisse wat die Huis beïnvloed.

38. Die Voorsitter kan na sy/haar oordeel **spreekbeurte** aan enige persone toestaan.

39. As deel van 'n Gewone Huisvergadering, kan die Voorsitter besluite van die Huis verkry as

    a. nie-bindende meningsopnames op behoeftebepalings wat dien as advies vir die Huiskomitee; of

    b. bindende besluite wat as Voorstelle vanaf die Huiskomitee aan die Huis gestel word vir stemming; of

    c. bindende formele **Mosies** wat deur óf die Huiskomitee óf 'n stemgeregtigde Huislid aan die huis gestel word:

        i. Formele Mosies vanaf Huislede sal minstens twee-en-sewentig (72) uur voor die vergadering by die Sekretaris/Sekretaresse geregistreer word.

        ii. Alle Mosies sal minstens vier-en-twintig (24) uur voor die vergadering gepubliseer word in die Koshuis deur minstens drie (3) van die amptelike kommunikasiekanale.

        iii. Regstellings tot Mosies sal wél by 'n Huisvergadering aangehoor word.

        iv. Die Huiskomitee behou die reg voor om te besluit of 'n mosie geldig is al dan nie.

v. Enige mosiesteller kan aandring op redes waarom ’n mosie as ongeldig beskou word en appelleer na die Dissiplinêre Komitee wat dan op ’n spesiale sitting oor geldigheid moet besluit.

vi. Mosies kan weer afgestem word by ’n daaropvolgende Huisvergadering.

d. Mosies wat by ’n Huisvergadering aanvaar is, sal bindend wees solank dit nie strydig is met hierdie Grondwet, die Studentereglement of ander relevante Universiteitsbesluite en –beleide of bestaande Wetgewing nie.

40. Ten einde as ’n geldige besluit aanvaar te word, sal die volgende reëls by stemming op Voorstelle en Mosies geld:

a. Alle Goldfielders word as stemgeregtigde lede beskou.

b. Die Huis behou die reg om stemreg aan ander persone te verleen op ’n ad hoc basis. Hierdie besluit kan geneem word deur ’n meerderheid stemme van stemgeregtigde lede te vra.

c. Alle Stemgeregtigdes se stemme sal gelyke gewig dra.

d. Om ’n besluit te neem of Mosie te dra word vyftig persent (50%) plus een (1) van die persone teenwoordig en stemmend se stemme vereis (tensy die Grondwet ander vereistes stel) met inagneming van die vereistes rondom Kworum.

e. Enige Goldfielder het die reg om buite stemming te bly.

f. Slegs persone wat die vergadering bywoon en daar stem se stemme sal getel word.

g. Die Voorsitter sal besluit of stemming per hand of deur middel van stembriewe plaasvind, met inagneming dat ’n Mosiesteller op ’n geslote stemming kan aandring.

# HOOFSTUK 2

# UITVOERENDE GESAG VAN DIE KOSHUIS

### Inwonende Hoof

41. Die Inwonende Hoof dien as **skakel** tussen die Universiteit en die Huiskomitee. In hierdie hoedanigheid pas hy/sy die universiteitsreëls en regulasies toe waar en wanneer dit nodig is.

42. Alle leierskapstrukture in die Koshuis staan onder die **gesag** van die Inwonende Hoof. Volmag berus by hom/haar om te besluit hoe hy/sy die Koshuis se gebruike en tradisies met die riglyne van die Universiteit versoen.

43. By Huiskomiteevergaderings, asook tydens ander besluitnemingsprosesse oor die koshuisaktiwiteite, vervul hy/sy hoofsaaklik ’n adviserende rol. Ten einde hierdie proses te fasiliteer, woon die Inwonende Hoof Huiskomiteevergaderings en Huisvergaderings by.

44. Die Inwonende Hoof het diskresie oor die goedkeuring van funksies en die administrasie van ’n dranklisensie. Terselfdertyd het die Inwonende Hoof die bevoegdheid om enige funksie goed te keur of te verbied.

45. **Verontagsaming** van die Inwonende Hoof se instruksies laat Huislede blootgestel aan dissiplinêre prosedures ingevolge die Universiteit se dissiplinêre stelsel.

### Primarius/ia

46. Die Primarius/ia van Goldfields Koshuis is die Hoofstudent van die Koshuis.

47. Die Primarius/ia het eerste keuse om in Rivera te bly.

48. Uit Hoofde van hierdie amp is die Primarius/ia ’n lid van

    a. die Huiskomitee;

    b. die Uitvoerende Komitee van die Huiskomitee;

    c. die Dissiplinêre Komitee.

49. ’n Huislid word tot Primarius/ia **verkies** volgens die Verkiesingsprosedures uitgespel in hierdie Grondwet (Hoofstuk 3).

50. Die Primarius/ia is (soos die res van die Huiskomitee) ’n **Universiteitsamptenaar** in diens van beide die Koshuis en die Universiteit.

51. Die Primarius/ia is daarvoor verantwoordelik om:

    a. Goldfields se belange te verteenwoordig by alle Universiteitstrukture en –fora; en

    b. die Universiteit se beleid uit te voer binne Goldfields; en

    c. die Koshuis en Huiskomitee te verteenwoordig by die Primkomitee; en

    d. te dien as Voorsitter van die Huiskomitee; en

    e. saam met die Onderprimarius/ia Huiskomiteeportefeuljes vir sy/haar termyn vas te stel en aan die Huiskomitee toe te deel; en

    f. die Koshuis se daaglikse bestuur te handhaaf; en

    g. gereeld met die Inwonende Hoof te skakel oor koshuisaangeleenthede; en

    h. te dien as skakel tussen Universiteitsbestuur en die Koshuis; en

    i. op te tree as Voorsitter van Goldfields se Dissiplinêre Komitee; en

    j. die Koshuis se Grondwet te hersien, soos deur artikel sewe (7) bepaal.

52. As **Voorsitter** van die Huiskomitee

    a. het die Primarius/ia die diskresie om die samestelling van alle koshuiskomitees te verander; en

    b. hanteer die Primarius/ia die delegering van take sowel as die algehele bestuur van die Komitee; maar

    c. moet hy/sy ook oor operasionele aangeleenthede die Huiskomitee se mening vra en seker maak dat die volle Komitee by besluite betrek word; en

    d. mag hy/sy, in uitsonderlike gevalle, besluite neem na oorleg met die Uitvoerende Komitee van die Koshuis; en

    e. neem hy/sy finale verantwoordelikheid vir die stand van die Huiskas.

**Onderprimarius/ia**

53. Die primêre **verantwoordelikheid** van die Onderprimarius/ia is om die Primarius/ia te ondersteun in die uitvoering van sy/haar take. Die onderprimarius/ia dien in ’n adviserende kapasiteit tot die Primarius/ia.

54. Die Onderprimarius/ia het tweede keuse, na die Primarius/ia, om in Riviera te bly.

55. Indien die Primarius/ia om enige rede nie meer sy/haar pligte of verantwoordelikhede kan uitvoer nie, sal die Onderprimarius/ia instaan en **Waarnemend** optree.

56. Uit hoofde van hierdie amp is die Onderprimarius/ia ’n lid van

    a. die Huiskomitee

    b. die Uitvoerende Komitee van die Huiskomitee

    c. die Dissiplinêre Komitee

57. ’n Huislid word tot Onderprimarius/ia verkies volgens die verkiesingsprosedures in hierdie Grondwet (Hoofstuk 3)

58. Die Onderprimarius/ia is (soos die res van die Huiskomitee) ’n **Universiteitsamptenaar** in diens van beide die Koshuis en die Universiteit.

59. Die Onderprimarius/ia is **verantwoordelik** daarvoor om

    a. die Primarius/ia by te staan; en

    b. take, soos aan die begin van sy/haar termyn saam met die Primarius/ia vasgestel, te verrig; en

    c. op te tree as die Koshuis se Veiligheid- en Risikobestuursbeampte; en

    d. die Koshuis se boetesisteem te bestuur.

**Uitvoerende Komitee van die Huiskomitee**

60. Die Uitvoerende Komitee tree as ’n **raadgewende komitee** vir die Primarius/ia op.

61. Die volgende ampsdraers dien saam met die Primarius/ia en die Onderprimarius/ia as die Uitvoerende Komitee van die Huiskomitee:

    a. Een (1) Sekretaris/Sekretaresse – verantwoordelik vir die Koshuis se administrasie; en

b. Een (1) Tesourier – verantwoordelik vir die Koshuis se finansies.

62. Die Uitvoerende Komitee het die **verantwoordelikheid** en **bevoegdheid** om

a. sake van dringendheid, wat nie kan oorstaan tot die volgende Huiskomitee vergadering nie, te bespreek en af te handel; en
b. portefeuljebegrotings goed te keur in oorleg met die betrokke Huiskomiteelid asook om finansiële spandering buite die begroting (soos bepaal deur die Koshuis Finansiële Praktyk) goed te keur.

63. Waar besluite geneem word vorm twee (2) lede en die Primarius/ia **kworum**.

64. Alle **Uitvoerende Komitee-besluite** moet by normale Huiskomiteevergaderings aan die res van die Huiskomitee gekommunikeer word.

**Sekretaris/Sekretaresse van die Huiskomitee**

65. Die Sekretaris/Sekretaresse van die Huiskomitee word aangewys vanuit die Huiskomitee tydens die verdeling van portefeuljes met die aanvang van die Huiskomitee se termyn.

66. Uit hoofde van hierdie amp is die Sekretaris/Sekretaresse 'n lid van

a. die Uitvoerende Komitee van die Huiskomitee

b. die Dissiplinêre Komitee.

67. Die Sekretaris/Sekretaresse is verantwoordelik vir die algemene **administratiewe** reëlings van die Huiskomitee en moet dus ten alle tye **goed ingelig bly** van alle amptelike koshuisaktiwiteite.

68. As lid van die **Huiskomitee** en **Uitvoerende Komitee** is die Sekretaris/Sekretaresse daarvoor verantwoordelik om

a. 'n agenda op te stel vir elke vergadering; en

b. 'n notule te hou van elke vergadering; en

c. 'n kalender te hou van alle geskeduleerde koshuisgebeure om besluitneming te vergemaklik; en

d. blokvergaderingafkondigings aan die Huiskomitee beskikbaar te maak.

69. Met betrekking tot **Huisvergaderings** is die Sekretaris/Sekretaresse daarvoor verantwoordelik om

   a. te sorg dat die Huis tien (10) dae kennis gegee word van die vergadering; en

   b. ’n agenda minstens twee (2) dae voor die vergadering vas te stel; en

   c. toe te sien dat teenwoordigheid aangeteken word tydens die vergadering; en

   d. notule te neem van die vergadering; en

   e. die notule van die vorige Huisvergadering beskikbaar te stel vir lede van die Huis.

70. As Sekretaris/Sekretaresse van die **Dissiplinêre Komitee**, het die Sekretaris/Sekretaresse die volgende verantwoordelikhede:

   a. Om goed vertroud te wees met die Dissiplinêre prosedures; en

   b. om na elke dissiplinêre verhoor die formele uitsprake voor te berei en soos nodig aan die Huis te kommunikeer soos uiteengesit in Hoofstuk 4 van hierdie Grondwet.

**Tesourier van die Huiskomitee**

71. Die Tesourier van die Huiskomitee word aangewys tydens die verdeling van portefeuljes met die aanvang van die Huiskomitee se termyn onderhewig aan die volgende vereistes:

   a. Die tesourier moes ten minste Finansiële Rekeningkunde op BCom tweedejaarvlak of BRek eerstejaarsvlak deurgekom het, **tensy** daar niemand op die Huiskomitee is wat aan die vereiste voldoen nie.

   b. Indien niemand aan die vereiste uiteengesit in art. 71(a) voldoen nie, moet die tesourier aangewys word met die diskresie van die vorige Primarius/ia, nuut-aangestelde Primarius/ia, vorige Tesourier en die Inwonende Hoof.

72. Uit hoofde van hierdie amp is die Tesourier ’n lid van die Uitvoerende Komitee van die Huiskomitee.

73. Die Tesourier is verantwoordelik daarvoor om

   a. volledig boek te hou van die Koshuis se finansies; en

b. inkomstes en uitgawes te administreer; en

c. toe te sien dat die Universiteit, Koshuis en Land se regulasies, reëls en wette ten opsigte van finansies nagekom word; en

d. weekliks aan die Huiskomitee tydens Huiskomiteevergaderings terugvoer te gee oor die Koshuis se finansiële status; en

e. ’n adviserende rol te speel by enige navrae rakende finansiële praktyk; en

f. “Financial Guidelines for HK-members” aan die einde van die termyn op te dateer en met die nuwe Huiskomitee daarmee op te lei; en

g. toe te sien dat alle geld wat ingesamel word vir JOOL op die korrekte manier hanteer word ooreenkomstig die reëls soos uitgespel in die JOOL-gids; en

h. ’n voorlopige finansiële jaarverslag op die laaste Huisvergadering van sy/haar termyn voor te lê; en

i. by die eerste Huisvergadering van die jaar ’n volledige begroting voor te lê.

**Huiskomitee**

74. Goldfields se Huiskomitee word vir ’n termyn van een (1) jaar verkies. Hierdie verkiesing word gereguleer deur die Verkiesingsprosedures in hierdie Grondwet (Hoofstuk 3).

75. Die Huiskomitee bestaan uit **10 lede**, waaronder die Primarius/ia, Onderprimarius/ia, Sekretaris/Sekretaresse en Tesourier. Die Primarius/ia moet in die geval van ’n vergroting van die Koshuis die nodige reëlings tref met die Sentrum van Studentegemeenskappe om ’n vergroting van die HK te bewerkstellig.

76. Alle lede van die Huiskomitee is **amptenare** van die Universiteit en verantwoordelik vir die uitvoer van alle en enige beleid soos bepaal deur die instellings van die Universiteit.

77. Die Huiskomitee sal minstens een maal per week **vergader** gedurende die akademiese termyn tot en met die aanvang van eksamens. Alle Huiskomiteelede sal die vergaderings bywoon.

78. Huiskomitee vergaderings sal tydens die eksamen volgens die Primarius/ia se diskresie plaasvind, na oorleg met Huiskomiteelede.

79. Verskonings vir **afwesigheid** van Huiskomitee vergaderings moet aan die Primarius/ia voorgelê word vir oorweging teen dieselfde tyd wat punte vir die agenda ingedien moet word.

80. Die **Huiskomitee** is verantwoordelik vir

    a. die bepaling van die strategiese rigting van die Koshuis; en

    b. die administrasie van die Koshuis; en

    c. die handhawing van goeie orde en dissipline in belang van die Koshuis, ingevolge die Dissiplinêre Prosedures; en

    d. die bevordering van Eenheid en Koshuisbetrokkenheid; en

    e. die afhandeling van take wat nodig is om te verseker dat Goldfields effektief funksioneer; en

    f. die uitvoer van alle billike take en versoeke wat vanaf die Huis ontvang is; en

    g. die organisering van Huisvergaderings; en

    h. die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir Goldfields se geboue en terreine; en

    i. die voldoening aan al die vereistes en bepalings van hierdie Grondwet.

81. Verder het elke individuele Huiskomiteelid ook die volgende **verantwoordelikhede**:

    a. Om sy/haar toegekende portefeuljes na die beste van sy/haar vermoë te bedryf; en

    b. om ten volle en alleen verantwoordelikheid te aanvaar vir al die aktiwiteite van sy/haar portefeuljes en die komitees wat binne daardie portefeuljes werksaam is; en

    c. om sy/haar gedetaileerde portefeuljebegrotings te bepaal in oorleg met die Uitvoerende Komitee; en

    d. om sy/haar portefeuljebegrotings verantwoordelik te spandeer om aan alle finansiële regulasies te voldoen; en

    e. om die Huiskomitee te verteenwoordig in die blok(ke) waarvoor hy/sy verantwoordelik is; en

f. om sy/haar blok(ke) te bestuur en hulle deelname aan koshuisaktiwiteite te reël; en

g. om alle nodige boetes aan lede van sy/haar blok(ke) uit te reik; en

h. om aan die einde van sy/haar termyn ’n volledige verslag van al sy/haar portefeuljes aan die Primarius/ia te oorhandig; en

i. om te verseker dat kommunikasie in die Huis op ’n regverdige en billike wyse geskied.

82. ’n Huiskomiteelid kan van sy/haar amp onthef word

a. wanneer twee-derdes van die Huis tydens ’n Huisvergadering ’n mosie aanvaar om die Huiskomiteelid te onthef; of

b. wanneer twee-derdes van die Huiskomitee, insluitende die Primarius/ia, besluit om die Huiskomiteelid te onthef, in welke geval die Huiskomiteelid sy/haar reg behou om na die Dissiplinêre Komitee te appelleer; of

c. wanneer die Huiskomiteelid skuldig bevind word aan ’n uiters ernstige misdryf tydens ’n sitting van Goldfields se Dissiplinêre Komitee of enige Dissiplinêre Komitee onder Afdeling Studentedissipline. Die onus rus op die betrokke instansie om te besluit of ’n skorsing vanaf die Huiskomitee geregverdig is.

83. Wanneer ’n **vakature** vir die Huiskomitee ontstaan, het die huidige Huiskomitee die diskresie om te besluit of die posisie gevul moet word. Indien die posisie gevul moet word, moet die nuwe Huiskomiteelid verkies word ingevolge bepalings in Hoofstuk 3.

**Mentors**

84. Die **doel** van Mentors is om toe te sien dat eerstejaars suksesvol akademies en sosiaal aanpas by die Universiteit.

85. Mentors word deur die uitgaande Hoofmentor, nuutverkose HK van akademie of HK van Mentors, nuutverkose Primarius/ia en Inwonende Hoof **aangewys**, ingevolge die prosedure en teen die datum deur die Universiteit gespesifiseer. Indien enige van die persone sélf oorweeg word vir die posisie van Mentor, moet hulle hulself van die besluitnemingsproses onttrek.

86. Hoewel Mentors spesifiek werksaam is in die Koshuis en ook ’n rol speel in die integrasie van eerstejaars in die Koshuiskultuur, word hul funksionering en verantwoordelikhede gereël deur die Beleid soos bepaal deur die Universiteit.

87. Die spesifieke funksionering en **interaksie** van Mentors word jaarliks bespreek en tussen die Hoofmentor en Inwonende Hoof ooreengekom.

88. Die primêre funksie van die Mentors is om

  a. inligting aan eerstejaars te verskaf tydens Verwelkomingsweek; en

  b. te dien as wedersydse kommunikasiekanaal tussen eerstejaars, die Huiskomitee en die Universiteit; en

  c. te let op enige probleme met die Verwelkomingsprogram en hierdie kwessies saam met die Huiskomitee aan te spreek indien nodig; en

  d. eerstejaars te verwys na die relevante eenhede of instansies indien spesifieke hulp benodig word; en

  e. eerstejaars se ouer/s of voog/de ingelig te hou oor hul kinders se vordering; en

  f. weeklikse kontaksessies met die eerstejaars te organiseer en te lei in die eerste semester van die akademiese jaar.

## HOOFSTUK 3

## VERKIESINGSPROSEDURES

89. Die Goldfields Huiskomitee, insluitende die Primarius/ia en Onderprimarius/ia, word direk verkies deur alle stemgeregtigde Huislede, gedurende ’n vry, deursigtige en regverdige verkiesing.

90. Die verkiesing van hierdie lede geskied jaarliks, per geslote stemming, ingevolge die prosedure hier uiteengesit en binne die **tydraamwerk** gespesifiseer deur die Sentrum vir Studentegemeenskappe. Die huidige Huiskomitee het die verantwoordelikheid om so vroeg moontlik hierdie tydraamwerk te bevestig en die verkiesingsproses te begin.

91. Alle Huislede wat vir ’n minimum van een (1) volle semester inwoners van die Koshuis was, word as **stemgeregtigde** lede geag.

**Stembuskomitee**

92. ’n Stembuskomitee word verkies tydens ’n Huisvergadering in die derde kwartaal.

93. Die Komitee word **saamgestel** uit ses persone, naamlik:

    a. ’n Konvenor, wat een (1) van die volgende persone is, naamlik:

        i. die uitgaande Primarius/ia; of indien hy/sy weer staan; en

        ii. die uitgaande Onderprimarius/ia; of indien hy/sy ook weer staan; en

        iii. een (1) persoon deur die Huis verkies, wat ’n huidige of voormalige Huiskomiteelid is, hom-/haarself nomineer en nie in die verkiesing staan nie.

    b. Die uitgaande Onderprimarius/ia indien hy/sy nie weer staan nie en nie die Konvenor is nie. Indien die Onderprimarius/ia weer staan of die Konvenor is, word vier (4) persone ingevolge art. 93(c) hieronder aangestel.

    c. Drie Huislede deur die Huis verkies wat vir ’n minimum van twee semesters Huislede was.

    d. Die Inwonende Hoof, sonder stemreg en in adviserende kapasiteit.

94. ’n Verkiesingskandidaat mag in geen omstandighede op die Stembuskomitee dien nie.

95. Indien ’n persoon op die Komitee verkies is of ingevolge art. 93 aangestel is en in die verkiesing wil staan, is daardie persoon se bedanking outomaties en die volgende persoon word volgens hoeveelheid stemme of prosedure ingevolge art. 93 aangestel.

96. Die Stembuskomitee het die **verantwoordelikheid** om

  a. die verkiesing en nominasieproses te administreer; en

  b. altyd ingevolge die bepalings van die Grondwet op te tree; en

  c. die Huis ingelig te hou oor alle aspekte van die verkiesingsproses; en

  d. te verseker dat alle kandidate regverdig behandel word; en

  e. die stemme twee keer te tel en die uitslag so gou moontlik bekend te maak; en

  f. neutraal en regverdig op te tree.

97. Die Konvenor van die Stembuskomitee het die verantwoordelikheid om, na afloop van die verkiesing, ’n **verslag** op te stel wat die totale verkiesingstydperk se verrigtinge dek.

98. Die Stembuskomitee het die **bevoegdheid** om die orde van die verkiesing te reël en kan beslissings maak oor

  a. die geldigheid van stembriewe; en

  b. onbehoorlike stemwerwery; en

  c. die instel van tussenverkiesings; en

  d. spesifieke datums en tye van verkiesings, in oorleg met die Huiskomitee.

**Nominasie**

99. Nominasievorms vir die posisie van Primarius/ia, Onderprimarius/ia en Huiskomiteelid moet vir ten minste vyf (5) dae voor die sluitingsdatum by die Konvenor beskikbaar wees.

100. Indien daar nie binne die vasgestelde tydperk genoeg kandidate aansoek gedoen het om al die vakatures te vul nie, moet die nominasieproses verleng word vir ’n tydperk soos vasgestel deur die Stembuskomitee.

101. Indien daar nie vier (4) Huislede van elke geslag staan nie, kan die nominasietydperk vir ’n maksimum van een (1) keer, vir ’n tydperk soos deur die Stembuskomitee vasgestel, verleng word.

102. Indien daar ná so ’n verlengde nominasietydperk steeds nie genoeg kandidate beskikbaar is om die vakatures te vul nie, sal die vakatures verminder word en deur die beskikbare kandidate gevul word.

103. **Nominasievorms** moet minstens die volgende bevat:

a. die volle naam, jaar, studentenommer, handtekening en selfoonnommer van die **genomineerde**; en

b. die volle naam, jaar, studentenommer en handtekeninge van die twee (2) **voorstellers**; en

c. die volle naam, jaar en handtekeninge van minstens

i. 3 **sekondante** in die geval van nominasie vir Huiskomiteelid; of

ii. 8 **sekondante** in die geval van nominasie vir Primarius/ia en Onderprimarius/ia

;en

d. die posisie(s) waarvoor die **genomineerde** beskikbaar is; en

e. die voltooiing van ’n standaardvorm deur die **genomineerde** ; en

f. ’n kort beleidsverklaring van die **genomineerde**.

104. Slegs stemgeregtigde Huislede mag persone **nomineer** of **sekondeer**.

105. Elke genomineerde se getekende nominasievorm bevestig dat hy/sy

a. bereid is om sy/haar nominasie te aanvaar; en

b. indien verkies as Huiskomiteelid, die Huis sal dien en sonder enige voorbehoud sy/haar pligte sal onderneem en heelhartig sal uitvoer.

**Verkiesbaarheid**

106. Enige Huislid wat hom-/haarself verkiesbaar wil stel vir 'n posisie op die Huiskomitee, moet voldoen aan die **voorvereiste** dat hy/sy

   a. 'n volle lid van die Huis is; en

   b. reeds twee (2) semesters in die Huis woonagtig was vir verkiesing as Huiskomiteelid of drie (3) semesters in geval van verkiesing tot Primarius/ia; en

   c. voldoen het aan die Universiteit se vereistes vir toelating tot die Koshuis vir die volgende jaar (HEMIS-vereistes); en

   d. geen kriminele rekord, skuldigbevindings voor die Universiteit se Afdeling Studentedissipline (of onderafdelings) of Goldfields Koshuis se Dissiplinêre Komitee het nie. Indien 'n lid nie aan die vereistes in artikel 106(d) voldoen nie kan 'n spesiale aansoek voor die Dissiplinêre Komitee gebring word vir vrystelling om wel te mag staan in die verkiesing. Dieselfde prosedure moet gevolg word indien daar 'n hangende saak teen 'n kandidaat is.

107. Indien daar aan al die voorvereistes voldoen word en 'n geldige nominasievorm deur die Stembuskomitee ontvang is, kan die kandidaat se naam op die verkiesingslys geplaas word.

108. 'n Aparte verkiesingslys word vir die Primarius/ia, Onderprimarius en die Huiskomitee saamgestel. Elke kandidaat mag op meer as een lys verskyn.

**Sirkusse**

109. Sirkusse vind volgens die diskresie van die Konvenor, in oorleg met die res van die Komitee, plaas.

110. Die Stembuskomitee moet anonieme vrae invorder en vasgestelde vrae aan die kandidate rig.

**Stemming**

111. Na afloop van die Sirkus sal stemming plaasvind op 'n tyd soos vasgestel deur die Stembuskomitee.

112. Die Stembuskomitee moet by elke verkiesing **rekord** hou van watter Huislede gestem het en watter nie.

113. Die stemme word so gou moontlik agter geslote deure getel. Die stembriewe moet by die Inwonende Hoof **bewaar** bly tot die einde van die nuutverkose Huiskomitee se termyn.

114. Elke persoon moet self sy/haar stem uitbring en geen persoon mag namens 'n ander stem nie.

115. Vir 'n verkiesing om **geldig** te wees is kworum vir die stemming gestel op:

  a. 85% waar gestem word vir Primarius/ia en Onderprimarius/ia; en

  b. 80% in die geval van Huiskomitee.

**Verkiesing van die Primarius/ia en Onderprimarius/ia**

116. Die verkiesing vir Primarius/ia en Onderprimarius/ia geskied op dieselfde wyse, maar in twee verskillende stemmings.

117. Alle verkiesbare kandidate op die verkiesingslys vir die betrokke posisie sal op die **stembrief** verskyn. Elke Huislid sal dan die geleentheid hê om vir een (1) kandidaat van sy/haar keuse te stem.

118. Wanneer een kandidaat 'n meerderheid (50%+1) van stemme verwerf, is hy/sy verkies.

119. Indien geen kandidaat 'n meerderheid van stemme trek nie, sal daar 'n **tussenverkiesing** uitgeroep word. Vir hierdie verkiesing sal die kandidate met die minste stemme verwyder word. Die som van die verwyderde kandidate se stemme in die vorige verkiesing mag egter nie vyftig persent (50%) oorskry nie. Hierdie prosedure word herhaal totdat een kandidaat 'n meerderheid (50%+1) van die stemme ontvang.

120. Indien daar slegs een (1) genomineerde vir die betrokke posisie is, sal die Huis 'n eenvoudige JA of NEE stem uitbring. Indien die kandidaat meer JA as NEE stemme ontvang, word hy/sy in die posisie aangestel

121. 'n Primarius-/Primariakandidaat wat onsuksesvol is, behou die reg om vir Onderprimarius/ia en/of Huiskomitee te staan. 'n Onderprimarius-/Onderprimariakandidaat wat onsuksesvol is behou die reg om vir Huiskomitee te staan.

**Verkiesing van die res van die Huiskomitee**

122. Die stembriewe moet alle verkiesbare kandidate vir die betrokke posisie(s) bevat. Elke Huislid moet dan stem. Stembriewe met meer stemme as die aantal vakatures is ongeldig.

123. Vakatures word gevul volgens die hoeveelheid stemme wat elke kandidaat ontvang het tot alle posisies gevul is.

**Bekendmaking**

124. Die resultate van alle verkiesings moet binne 24 uur na die stembus gesluit het, bekendgemaak word.

125. Die Stembuskomitee **ontbind** sodra die volle Huiskomitee aangekondig is, die Konvenor ’n verslag oor die verkiesing (ingevolge art. 97) aan die Inwonende Hoof en Primarius oorhandig het en die verkiesingsuitslae bekendgemaak is.

126. Die deelnamekoers aan die verkiesing moet bekend gemaak word.

127. Die hoeveelheid stemme vir kandidate word nie bekend gemaak nie, maar kan op aanvraag aan individue getoon word na die proses voltooi is.

**Besware en Onttrekkings**

128. Enige besware oor prosedures tydens die verkiesing of die geldigheid van die uitslag word binne 72 uur aangehoor deur ‘n Spesiale Sitting van die Dissiplinêre Komitee.

129. Kandidate behou die reg om hul nominasie te onttrek tot ’n amptelike aankondiging, waarna hulle formeel moet bedank indien hulle wil onttrek. In so ’n geval ontstaan ’n nuwe vakature. Indien ’n kandidaat onttrek nadat stemming begin het, sal stemme vir daardie persoon nie getel word nie. Nadat ’n kandidaat die Konvenor ingelig het dat hy/sy onttrek, kan daardie besluit nie weer omgekeer word nie.

## HOOFSTUK 4

## DISSIPLINÊRE PROSEDURES

130. Die dissiplinêre prosedures het nie straf opsigself ten **doel** nie, maar poog om die verhouding tussen die beskuldigde Huislid en die res van die Huis te herstel. Daarom word alle dissiplinêre stappe ooreenkomstig en in die gees van Goldfields se Etos gedoen.

131. Die Huiskomitee is verantwoordelik daarvoor om dissipline in die Huis te handhaaf ooreenkomstig met die Universiteitsreëls en –regulasies en die Etos van die Huis. Ten einde hierdie verantwoordelikheid op ’n regverdige en verantwoordbare wyse na te kom, word ’n Dissiplinêre Komitee saamgestel.

**Jurisdiksie en Status van die Dissiplinêre Komitee**

132. Die Dissiplinêre Komitee mag alleen optree teen ’n **inwoner** van Goldfields Koshuis.

133. In gevalle waar jurisdiksie **bevraagteken** word, rus die finale besluit by die Voorsitter. Die Dissiplinêre Komitee moet egter geraadpleeg word voordat die Voorsitter uitspraak lewer.

134. Die Dissiplinêre Komitee het slegs **beperkte bevoegdheid** om uit eie oorweging op te tree teen

    a. ’n handeling of versuim wat moontlik op ’n oortreding van die Universiteitsraad se verbod op ontgroening of die afwyking van die goedgekeurde Verwelkomingsprogram neerkom; of

    b. ’n oortreding wat na die oordeel van die Inwonende Hoof van ’n ernstige aard is; of

    c. enige optrede waar vandalisme, saakbeskadiging of onbehoorlike gebruik van toerusting, strydig met die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, soos die ongeoorloofde breek van brandglasies en in werking stel van brandalarms, wederregtelike gebruik van brandslange en brandblussers, brandstigting of enige soortgelyke aktiwiteite voorkom; of

    d. enige optrede van ’n kriminele aard, wat onder die strafprosesreg van die land ressorteer; of

e. vandalisme of saakbeskadiging waar die betrokke skade die waarde soos deur Sentrum vir Studentegemeenskappe neergelê, oorskry.

135. Die Dissiplinêre Komitee behou die reg om te **weier** om enige klag aan te hoor en dit direk na Afdeling Studentedissipline te verwys.

**Samestelling van die Dissiplinêre Komitee**

136. Die Dissiplinêre Komitee **bestaan** uit

a. die Primarius/ia wat as Voorsitter optree; en

b. die Onderprimarius/ia wat as Ondervoorsitter optree; en

c. die Sekretaris van die Huiskomitee wat as Sekretaris/Sekretaresse (sonder stemreg met inspraak) optree; en

d. drie (3) Seniors wat nie Huiskomiteelede is nie, waarvan een (1) nie oud-HK of ’n huidige Mentor mag wees nie; en

e. die Inwonende Hoof.

137. Geen persoon met ’n skuldigbevinding voor Goldfields se Dissiplinêre Komitee, Intermediêre Koshuis Dissiplinêre Komitee, Sentrale Dissiplinêre Komitee of ’n kriminele rekord mag op die Dissiplinêre Komitee dien of aangewys word as ’n lid van die Huiskomitee nie.

138. Geen persoon wat ten tye van die verkiesing aangekla is van ’n misdryf en gedaag is om voor die Goldfields Dissiplinêre Komitee, Intermediêre Koshuis Dissiplinêre Komitee of Sentrale Dissiplinêre Komitee te verskyn, is verkiesbaar vir die Komitee nie.

139. Die **verkiesing** van Dissiplinêre Komitee lede geskied aan die begin van elke jaar tydens die eerste Huisvergadering. Die Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris/Sekretaresse is verantwoordelik vir hierdie proses.

a. Slegs Huislede wat vir ten minste een (1) semester in die Koshuis inwonend was, het stemreg. Alle stemme tel dieselfde gewig en enige stemgeregtigde kan vir enige kandidaat stem.

b. Die Voorsitter het diskresie oor hoeveel keer elke persoon mag stem.

c. Die name van die nuutverkose Dissiplinêre Komitee moet so gou doenlik aan die Studentedekaan gekommunikeer word.

140. **Kworum** van die Dissiplinêre Komitee bestaan uit

a. die Voorsitter (of Ondervoorsitter wat as Voorsitter optree); en

b. die Sekretaris/Sekretaresse (of iemand wat in sy/haar plek optree); en

c. enige drie (3) ander lede; en

d. die Inwonende Hoof.

141. Indien kworum nie binne tien (10) Universiteitsdae voltrek kan word nie, kan die oorblywende lede van die Dissiplinêre Komitee waarnemende lede uit die Seniors van die Koshuis aanwys om vir 'n spesifieke saak te dien.

142. Indien 'n situasie van **konflik van belange** sou voorkom, het die Voorsitter die reg om enige lid te versoek om hom-/haarself vir 'n spesifieke saak van die Komitee te onttrek. Dissiplinêre Komiteelede mag, op grond van strydige belange en morele besware, hulself vir 'n spesifieke saak van die Komitee onttrek.

143. Waar die Voorsitter beskuldig word van konflik van belange, lê die finale besluit by die Inwonende Hoof en Ondervoorsitter gesamentlik.

144. Indien 'n Dissiplinêre Komiteelid 'n hangende saak voor die Goldfields Dissiplinêre Komitee, Intermediêre Koshuis Dissiplinêre Komitee of Sentrale Dissiplinêre Komitee het, moet die betrokke lid hom-/haarself van die Dissiplinêre Komitee onttrek totdat die saak teen hom/haar beslis is.

145. Geen stemgeregtigde Dissiplinêre Komiteelid, buiten die Inwonende Hoof, het die reg om **buite stemming** te bly nie.

**Prosedure**

146. Alle Dissiplinêre Prosedure moet in ooreenstemming met die Studente Grondwet, Studentereglement en die Etos van Goldfields geskied. Alle partye wat by die prosedure betrokke is, mag hulself ten alle tye op enige van hierdie dokumente beroep.

**Voor die Dissiplinêre verhoor**

147. Die Huiskomitee of enige Huislid mag ’n **klag** by die Dissiplinêre Komitee lê. Klagtes kan by die Voorsitter, Ondervoorsitter of Inwonende Hoof gerapporteer word.

148. Die Dissiplinêre Komitee moet gesamentlik **besluit** watter klagtes ondersoek moet word, verhoor moet word of na die Huiskomitee verwys moet word.

149. Indien die Klaer nie bereid is om in persoon voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn nie, moet ’n getekende verklaring deur die klaer aan die Komitee verskaf word voordat die klagte verder ondersoek kan word.

150. Die beskuldigde student(e) moet minstens 48 uur voor die aanvang van die Dissiplinêre Komitee verhoor **skriftelike kennisgewing** van die verhoor ontvang. Die beskuldigde moet egter so vroeg moontlik ingelig word, om sodoende hom-/haarself voor te berei.

151. Alle klagtes moet vyftien (15) Universiteitsdae ná die saak aanhangig gemaak is, deur die Dissiplinêre Komitee aangehoor word.

152. Die **skriftelike kennisgewing** moet die volgende bevat:

   a. Die volledige aanklag beide in terme van Goldfields se Etos en die Universiteit se Studentereglement; en

   b. Die plek en tyd van verhoor; en

   c. Die reg op bystand.

153. Die kennisgewing moet per hand aan die beskuldigde **bestel** word. Indien die beskuldigde nie opgespoor kan word nie, moet hy/sy telefonies van die saak ingelig word.

154. Indien die student, nadat die kennisgewing aan hom/haar afgelewer is, versuim om die verhoor by te woon sonder dat hy/sy vooraf aan die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee ’n geldige verskoning verskaf het, kan die verhoor in die beskuldigde se **afwesigheid** voortgaan.

**Tydens die Dissiplinêre verhoor**

155. Die Dissiplinêre Verhoor geskied in **privaat**.

156. Die beskuldigde student moet tydens die verhoor, in ooreenstemming met Goldfields se Etos, met **respek** hanteer word. Van die beskuldigde student word verwag om ook so teenoor die Komitee op te tree.

157. Die klaer en beskuldigde kan enige getuies roep of bewysmateriaal indien.

158. Die Dissiplinêre Komitee kan enige persoon voor hulle roep om **interpretasie** van wette of reëls te vergemaklik, mits daardie persoon behoorlik bevoeg is.

159. Die beskuldigde student moet volledig **ingelig** word van die saak teen hom/haar.

160. Die beskuldigde student moet **behoorlike geleentheid** gegun word om sy/haar saak te stel.

161. Enige klaer of beskuldigde is geregtig op **bystand** van enige Huislid wat nog nie deur Goldfields se Dissiplinêre Komitee, die Universiteit se Intermediêre Koshuis Dissiplinêre Komitee of Sentrale Dissiplinêre Komitee skuldig bevind is of ’n kriminele rekord het nie.

162. Die skuld van die beskuldigde student moet **bo redelike twyfel** bewys word. Die **bewyslas** rus by die aanklaer.

163. Indien die beskuldigde skuld op die aanklag(te) **erken**, mag die Dissiplinêre Komitee dit aanteken en onmiddellik oorgaan na strafoplegging, sonder om die saak volledig aan te hoor.

164. Indien ’n Dissiplinêre Komitee nie tot ’n eenparige beslissing kan kom nie, geld die beslissing van ’n meerderheid van sy lede. Indien die lede met stemreg uit ’n gelyke getal bestaan en ’n staking van stemme plaasvind, het die Voorsitter ’n beslissende stem.

165. **Stemming** vind per geslote stembrief plaas, met komiteelede se identiteit wat op die stembriewe openbaar word.

166. Ná die Dissiplinêre Komitee se bevinding aan die student bekendgemaak is, moet hy/sy die geleentheid gegun word om vertoë ter **strafversagting** aan die Komitee te rig.

167. Dissiplinêre Komiteelede moet die inhoud van alle sittings vertroulik hou, buiten die amptelike vrystellings, wat op aanvraag verkrygbaar is by enige van die komiteelede en ingevolge art. 170 opgestel word.

**Na die Dissiplinêre verhoor**

168. Die beskuldigde student het die reg op **appèl** teen sy/haar skuldigbevinding en/of straf by die Intermediêre Koshuis Dissiplinêre Komitee, Sentrale Dissiplinêre Komitee of die Studentedekaan.

169. Die **bevinding** van die Dissiplinêre Komitee asook enige straf wat opgelê word, moet verkieslik binne die verhoor, andersins binne sewe (7) dae aan die betrokke student gekommunikeer word. Die betrokke student moet ook ingelig word oor sy/haar reg op appèl.

170. Onmiddellik na die bevinding moet die Sekretaris/Sekretaresse 'n **amptelike vrystelling** opstel wat deur alle Dissiplinêre Komiteelede gehou moet word.

171. Uitsprake wat buite die bevoegdheid van die Dissiplinêre Komitee val, kan geldig verklaar word deur enige onderafdeling van Afdeling Regsdienste.

172. So gou moontlik nadat 'n student deur die Dissiplinêre Komitee skuldig bevind is en gestraf is, moet die Sekretaris/Sekretaresse van die Dissiplinêre komitee 'n **verslag** opstel met die besonderhede van die aanklag, die pleit, wesenlike feite-bevindings, met die insluiting van enige versagtende of verswarende omstandighede, die uitspraak, die straf wat opgelê is en die redes vir die oplegging van daardie straf. Hierdie verslag moet aan die Inwonende Hoof, Primarius/ia, en Onderprimarius/ia gestuur word.

**Rekordhouding**

173. Die Sekretaris/Sekretaresse van die Dissiplinêre Komitee het die plig om **rekord** te hou van strawwe opgelê. Hierdie besonderhede van enige beskuldigde student moet beskikbaar wees by Dissiplinêre Komiteesittings.

174. Alle bevindings van die Dissiplinêre Komitee asook uitsprake en verslae moet geboekstaaf word deur die Sekretaris/Sekretaresse van die Dissiplinêre Komitee.

**Strawwe**

175. Die Dissiplinêre Komitee, wat 'n student ingevolge hierdie bepalings aan 'n oortreding skuldig bevind, is bevoeg om 'n straf op te lê insluitend:

    a. 'n boete, wat nie die bedrag wat van tyd tot tyd deur die Universiteitsraad afgekondig word, mag oorskry nie; en/of

b. ’n finale skriftelike waarskuwing; en/of

c. die aanteken van ’n skriftelike of ander verskoning teenoor ’n bepaalde persoon of liggaam; en/of

d. die betaling van sodanige bedrag soos wat voldoende mag wees om vir enige skade, verlies of koste, wat deur die student veroorsaak is, te kan vergoed; en/of

e. die ontneming van enige amp wat die student in Goldfields beklee; en/of

f. die opskorting van bepaalde voorregte wat die student as lid van Goldfields geniet, met uitsluiting van uitsetting of skorsing.

176. Die Dissiplinêre Komitee kan ’n straf hersien in ’n opvolgende verhoor.

177. Die Dissiplinêre Komitee kan strawwe opskort om in werking te tree na ’n spesifieke gebeurtenis.

**Dissiplinêre Optrede deur Huiskomiteelede**

178. **Huiskomiteelede** het die reg om ’n straf op te lê aan enige Huislid wat strydig met die reëls of Etos van Goldfields optree.

179. In so ’n geval mag ’n Huiskomiteelid ’n straf oplê wat insluit:

a. ’n boete wat die boetelys van die Koshuis in ag neem en nie die bedrag wat van tyd tot tyd deur die Universiteitsraad vasgestel word, oorskry nie; en/of

b. ’n skriftelike waarskuwing of opgeskorte boete; en/of

c. die oplegging van ’n redelike straftaak.

180. Die persoon wat hierdie boete oplê, moet die betrokke student skriftelik of mondelings inlig dat as die straf vir hom/haar onaanvaarbaar is, hy/sy ’n reg op appèl het na die Dissiplinêre Komitee.

181. Die skriftelike boete moet melding maak van die

a. student se naam en van; en

b. student se kamernommer; en

c. datum van uitreiking van die boete; en

d. aard van oortreding; en

e. datum van oortreding; en

f. bedrag van boete of besonderhede van straftaak; en

g. afsnydatum vir die betaal van ’n boete of voltooiing van ’n straftaak; en

h. handtekening van die Huiskomiteelid.

182. Indien die boete nie voor die afsnydatum **betaal** word nie, of die straftaak nie **voltooi** is nie (binne tien (10) Universiteitsdae, tensy anders op die boete aangedui of spesiale reëlings getref is), word die saak outomaties na die Dissiplinêre Komitee verwys. Dit is die Ondervoorsitter (HK van Dissipline Admin) se taak om toe te sien dat ’n saak aanhangig gemaak word.

183. In die geval waar ’n boete wel betaal word voor die afsnydatum, word die saak as afgehandel beskou, is daar geen skuldigbevinding nie en vind geen verhoor plaas nie.

184. **Rekord** moet deur die Ondervoorsitter (HK van Dissipline Admin) van alle boetes gehou word.

185. Die Ondervoorsitter (HK van Dissipline Admin) moet ook van tyd tot tyd ’n lys studente wat **meer as drie** (3) boetes teen hul naam aan die Dissiplinêre Komitee se Voorsitter voorlê vir oorweging vir moontlike dissiplinêre sake.

## HOOFSTUK 5

## KOSHUISFINANSIES

186. Die finansies van die Koshuis moet altyd aangewend word tot die **voordeel** van die Huis en al sy inwoners.

187. Gelde in die Huiskas word gebruik vir die befondsing van algemene koshuisaktiwiteite soos bepaal deur die begroting asook spesifieke doeleindes soos deur die Huiskomitee en Inwonende Hoof goedgekeur.

188. Alle finansiële reëlings van die Koshuis is onderhewig aan die besondere bepalings soos gepubliseer deur die Afdeling Finansies.

189. Die Primarius/ia is **finaal verantwoordelik** vir die stand van die Koshuis se finansies terwyl die Tesourier belas word met die verantwoordelikheid om toe te sien dat alle finansies korrek administreer word.

190. Alle fondse wat deur die Koshuis ontvang word, moet deur die Universiteit se Finansiële Stelsel geadministreer word. Geen aparte bankrekeninge, deposito's of lenings mag bedryf word nie.

191. Enige inkomste deur die Koshuis ontvang, insluitende Huisgelde deur die Universiteit gehef, word in die Huiskas gedeponeer.

192. Geen spekulatiewe transaksies of beleggings mag aangegaan word met koshuisgelde nie.

193. Daar word onderskei tussen

    a. diskresionêre operasionele fondse (Huiskas en JOOL) wat deur die Huiskomitee bestuur word; en

    b. batefondse ("N-fonds") wat deur die afdeling Koshuisadministrasie bestuur word.

194. Die Tesourier moet aan die begin van sy/haar termyn, saam met die Tesourier van die vorige HK-termyn en die Inwonende Hoof, 'n volledige **begroting** vir die Huiskas opstel. Hierdie begroting word deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur en aan die begin van die jaar aan die Huis voorgelê.

195. Elke Huiskomiteelid moet ook 'n gedetailleerde **portefeuljebegroting** voorberei wat dan deur die Uitvoerende Komitee, in oorleg met die betrokke Huiskomiteelid, goedgekeur word.

196. Spandering, soos gespesifiseer binne Huiskomiteelede se portefeuljebegroting, word deur die Tesourier goedgekeur voor die uitgawe aangegaan word.

197. Enige spandering waarvoor daar **nie begroot** is nie moet deur die Primarius/ia en Tesourier goedgekeur word en aan die res van die Huiskomiteelede en die Inwonende Hoof in die volgende Huiskomiteevergadering gekommunikeer word.

# Bylaag 1: Koshuiswapen

Beskrywing:

Die vier simbole verskyn altyd op die Skild en met koshuis naam bo en banier onder. Die proporsies moet ten alle tye gerespekteer word. Geen aanpassings tot hierdie embleem mag gemaak word nie. Elektroniese weergawes van hierdie wapen is by die Sekretaris, Prim en HK van bemarking beskikbaar.

## Bylaag 2: Koshuislogo

Beskrywing:
Die amptelike logo [A] van die koshuis is altyd in soliede kleur, nie lynkuns nie. Dit is beskikbaar as swart op wit, of wit op swart. Die kleur mag aangepas word na gelang van die behoefte mits die bepalings oor Goldfields se kleurskema ingereken word. Die logo mag indien nodig gebruik word sonder koshuis naam, as ook sonder die koshuis leuse [B]. ’n Derde keuse [C] maak slegs gebruik van die letters: “GF”. Die amptelike logo [A] moet gebruik word tensy logistiese vereistes anders vereis. Geen verdere aanpassings mag tot die logo gemaak word nie. Die proporsies moet ten alle tye gerespekteer word. Elektroniese weergawes van hierdie logo is by die Sekretaris, Prim en HK van Bemarking beskikbaar.

A

B

C

# Bylaag 3: Goldfields Amptelike Liedere

<u>Huislied</u>

*Geskryf deur Rotondwa Mudau (met hulp van Christoffer Chipeio)*
*Oktober 2009*

In the heart of the valley
Are the fields made of gold
Rise the dreams of our nation
From the ruins of old

In the cradle of diversity
Lies the place we call home
Where our friends are forever
And our future is sure

(Bridge)
Freedom and unity
Respect and Responsibility
These are the values that lead to your dreams

Staan ons tesame, standvastig en trots
'n Beeld van ons waardes wat skyn binne ons
Hier sal ons lewe, geseënd en in vrede
Ons toekoms is seker, vir jou sal ons dank

(Chorus)
Goldfields, Goldfields
You're our passion, our pride
Here we belong
Goldfields, Goldfields
Together we stand, Our own, Our home...

<u>Lied van betekenis</u>

*Hierdie lied was eens die Huislied van Goldfields Koshuis*

We're riding on a rainbow
We're flying free
We're riding on a rainbow
Yes, you and me

There is a place I love in Africa,
That they call the Goldfields land.
It is a place to grow and live as one,
In a brotherhood of man

There is light that comes from Africa,
And it's shining round the world.

Let all the colours speak of pride and joy,
In a voice that must be heard

We're riding on a rainbow,
We're flying free,
We're riding on a rainbow,
Yes, you and me.

There is a heart I hear in Africa,
And it's beating like a drum.
Let everyone get up and to the stars,
We will go marching on.

I had a dream I was in Africa,
I was soaring like a bird,
And then a million voices all around,
Was singing to the world...

That we are riding on a rainbow,
We're flying free,
We're riding on a rainbow,
Yes, you and me.

We are together on a rainbow
We're flying free,
We are forever on a rainbow,
Yes, you and me.

We are riding on rainbow
We're flying free
We're riding on a rainbow
Yes, you and me

## Bylaag 4: Vlag

Beskrywing:

Die amptelike vlag van die koshuis sien as volg daaruit: Die koshuiswapen verskyn in goud, in die middel van 'n blou agtergrond. Die proporsies moet ten alle tye gerespekteer word. 'n Elektroniese weergawe van die vlag is beskikbaar by die Sekretaris, Prim en HK van Bemarking.

Agtergrond:

Die simboliek van die flag is dieselfde as die koshuiswapen. Tydens gewone akademiese dae, wanneer Goldies/Goldfielders in die koshuis woon, moet die vlag daagliks gehys word saam met die landsvlag.

